

1 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:18-31

Fokusgedeelte: DL, 5:15

### Onsin, of krag van God?

Baie mense maak 'n bespotting van die evangelie van Jesus Christus wat sê dat God sy uitverkorenes laat volhard tot die einde toe, dat God die saligheid vir ons bewaar en dat God ons vir die saligheid bewaar. Hulle maak dit as onsin af. Ons bely: "Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit." Die Woord sê immers (vers 18): "Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word is dit die krag van God."

Dit is juis deur die prediking van die evangelie, wat vir die wêreld onsin is, dat God die mense wat glo, red! Dit word eksplisiet in vers 23-24 gesê: "Vir die Jode is dit 'n aanstoot en vir die ander is dit onsin, maar vir die wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God." Ons bely gevolglik: "Die Bruid van Christus het dit egter altyd as 'n skat van onberekenbare waarde innig liefgehad en dit volhardend verdedig."

Ek moet dus nie daarvoor verbaas wees dat mense my sal spot oor my Christenskap nie. Ek moet nie verbaas wees as mense die evangelie bespotlik probeer maak nie. Ek moet nie verbaas wees dat daar selfs mense is wat voorgee om gelowiges te wees, maar wat die gesag van God se Woord aantast met allerhande argumente wat baie slim klink nie! Vir hulle is die boodskap van die evangelie onsin en daarom sal hulle dit bespot en bestry.

Ek, daarenteen, moet net gelowig vashou aan die Woord en uit die krag en die wysheid daarvan leef! God self het gesê (vers 19): "Die wysheid van die wyses sal Ek vernietig, en die geleerdheid van die geleerdes sal Ek tot niet maak."

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~